SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 14 SEPTEMBER 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

SARL BHF/UHF-WEDSTRYD

RADIO-ENTOESIASTE HOU TEGNIESE OPEDAG

ROEPSEIN ZS0AWA AAN ANTIQUE WIRELESS ASSOCIATION TOEGEKEN

INSKRYWINGS VIR OKTOBER SE RADIOAMATEUREKSAMEN

KLUBNUUS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

SARL BHF/UHF-KOMPETISIE

Die tweede been van die 2003 SARL BHF/UHF-kompetisie word oor die naweek van 20 en 21 September gehou. Die kompetisie begin om 12:00 SAT en eindig 24 uur later. Daar sal aktiwiteit op die volgende bandgedeeltes wees: op 6 meter - 50 tot 51,5 MHz; op 4 meter - 70 tot 70,300 MHz, op 2 meter - 144 tot 145,550 MHz, op 70 cm - 432 tot 433,6 MHz en op 23 cm - 1 296 tot 1 296,5 MHz. Operateurs van 4 m en 6 m stasies moet die aanvaarde praktyk volg as daar kontinentale DX-openinge plaasvind en verseker dat die herkende DX-roepfrekwensies nie vir lang tye gebruik word nie. Deelnemers kan GG, FM of ESB gebruik, geen digitale modusse, spreispektrum-, herhaler-, satelliet-aard-maan-aard- of kruisbandwerking word togelaat nie. Daar is vier kategorieë waaruit deelnemers kan kies om aan die kompetisie deel te neem.

Die roepseine van die twee stasies, die RS(T)-verslag en geografiese ruitverwysing van die stasies word uitgeruil. Geen reeksnommers is nodig nie. Die

volledige reëls vir die kompetisie kan op die SARL-webwerf by www.sarl.org.za verkry word. Nico ZS4NS het ook 'n program geskryf om jou met die log en puntetelling van die kompetisie te help, laai SARLVU van die SARL-webwerf af.

OPROEP VIR AANBIEDINGE VAN RADIO-ENTOESIATE SE OPEDAG

Na die sukses van die tuiskonstruksie opedag wat gedurende Junie vanjaar gehou is by die Wesrandklub, sal 'n tweede opedag vir radioentoesiaste gehou word op 29 September by die Nasionale Amateurradiosentrum te Radiokop.

Alhoewel 'n klompie sprekers en uitstallings reeds gewerf is, bly daar 'n paar plekke oop vir enige amateurradio-uitstallings. Omdat uitstalspasie beperk is, kontak so gou moontlik vir Sid Gabrial, ZS6GQ, by 011-867-2039 om u plek te bespreek.

ROEPSEIN ZS0AWA AAN SOUTH AFRICAN ANTIQUE WIRELESS ASSOCIATION TOEGEKEN

Te danke aan die ondersteuning van die SARL, is die roepsein ZS0AWA (ZS zero AWA) aan die Southern African Antique Wireless Association toegeken. Die SA AWA ontmoet mekaar elke Saterdagoggend om 09:00 SAT op 7 070 kHz met 'n heruitsending op op 14 175 kHz en uitgestraal na die Suide vanaf Johannesburg. Lidmaatskap van die SA AWA is per deelneming, en geen lidmaatskapfooi is betaalbaar nie.

Amateurs wat graag met die SA AWA wil saampraat, word gevra om 'n ZS0AWA-roepseinwapen met goudomboorsels op blou lap en geskik om op 'n gholfhemp of baadjie aangewerk te word, te bestel. Verder mag u ook u eie roepsein in dieselfde formaat bestel. Plaas asseblief u bestelling vir die AWA of u eie roepsein by Willie Axford, ZS5WI, Posbus 1064, Eshowe, 3815 en stuur kontant saam met 'n selfgeadresseerde koevert. Fondse wat op hierdie manier ingesamel word, word gebruik om jaarlikse lisensiegelde en QSL-kaarte te betaal.

AANSOEKE VIR DIE OKTOBER RADIOAMATEUREKSAMEN

Die sluitingsdatum vir aansoeke om die Oktober radio amateureksamen te skryf het op Vrydag 12 September gesluit. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

Eksamennommers sal aan alle aansoekers gepos word binne die volgende twee weke en sal ook op die SARL se webblad gepubliseer word.

HERINNERING OM ALLE EKSAMENSENTRA TE REGISTREER

Die volgende Radioamateureksamen word gehou op DONDERDAG 16 OKTOBER van 19:00 tot 22:00 by sentra regdeur die land.

Alle toesighouers word gevra om te her-registreer vir die Oktobereksamen. As u nog nie so gemaak het nie, maak asseblief seker dat ons u aansoekvorm betyds ontvang. Aansoeke mag aan-lyn gedoen word op die SARL-webblad. 'n Kopie

van die aansoekvorm kan ook per faks van die SARL-kantoor verkry word by 011-675-2393.

Elke eksamensentrum word versoek om ten minste twee toesighouers te hê wat lede van die SARL is. Die Raad van die SARL bedank graag almal wat die RAE-kursusse aanbied en wat hulle tyd opoffer om die eksamens af te neem by elke sentrum.

KLUBNUUS

BLOEMFONTEIN ARK

Die AJV van die Bloemfontein RAK is op Saterdag 6 September gehou en die volgende komitee is vir 2003/2004 verkies:

Voorsitter: Martin Schwella, ZS4MS; Ondervoorsitter: Jan Botha, ZS4JAN; Sekretaris: Dennis Green, ZS4BS; Tesourier: Victor Reitz, ZS4VR; Herhalers: Hennie Greyling, ZS4HG; Tegnies: Barney Fourie, ZS4U; Klubhuis: Jan Botha, ZS4JAN.

Die Klub se Amateur-van-die-Jaar-toekenning is aan Jan Botha, ZS4JAN toegeken.

WOLKBERG HOU HF-KOMPETISIE

Op Saterdag 27 September 2003 vanaf 07:00 - 19:00 SAT hou die Wolkberg Amateurradioklub 'n HF-kompetisie om klubaktiwitweite te bevorder. Die 10, 15, 20, 40, 80 en 160 m-bande word gebruik. Die kompetisie is oop vir alle amateurs in Suidelike Afrika. Kategorieë is Enkeloperateur asook Draagbare/Veldstasies. Logstate moet die volgende bevat: Datum, Tyd (SAT), Roepsien van stasie gewerk, RS(T) met opeenvolgende reeksnommers versend en ontvang, Wolkberg Amateurradioklub lidmaatskapstatus, punte ge-eis. Puntetelling is as volg: GG 2punte, ESB & digitaal 1 punt, 2 punte vir 'n ZS1, ZS2, ZS4, ZS5-stasie, 3 punte vir ZS3, 1 punt vir ZS1 asook 3 punte vir buurlande. Ook 2 punte vir elke kontinent gewerk, en as jy 'n Wolkbweg klublid werk, 5 punte. 2 punte vir elke stasie in 3 bande gewerk en 3 punte vir elke stasie in al 5 bande gewerk. Kontak ZS6WI (Willem) vir meer besonderhede by 082 468 0468 of e-pos: willem.davel@polokwane.org.za.

Kom, gee punte weg vir die "Wolkbergers" - dit gaan groot pret wees!!!

PRETORIA MEGAVLOOIMARK

Die vierde Oktober is die datum om te noteer vir die Pretoria Amateurradioklub SE lentevlooimark en kattebakverkoping. Dit word weer op die Suidkampusperseel van die Universiteit van Pretoria gehou soos gewoonlik. Alle klubs, amateurs en belangstellendes word genooi om dit weer 'n heuglike dag te maak met die beste winskopies en QSO s. Besigheid begin om 09:00.

Sien julle daar.

DATUMS OM TE ONTHOU

20/21 September: Die tweede been van die SARL se BHF/UHF-kompetisie. Die afsnydatum vir ledegeldhernuwings is geskuif na 31 Oktober 2003.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Martin, ZS6ABU , en gelees is deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX